

**woord**

**Die pad tot heiligmaking**

**Ps Karl Holz**

**28 April 2013**

**woord**

**1 Johannes 3:9**

Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is.

**woord**

**Romeine 6:11 & 14**

Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

**woord**

**Romeine 6:19**

Weens julle beperkte begrip gebruik ek 'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe.

**woord**

**2 Kor 3:18**

Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

**woord**

**Heb 12:1 & 14**

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop

<sup>14</sup>Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie.



**woord**

1 Peter 1:15  
Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.



**woord**

Filipense 3:20-21  
Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees



**woord**

1 Tessaloniense 5:23  
Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!



**woord**

2 Kor 7:1  
Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!



**woord**

1 Kor 15:49  
Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees.



**woord**

Fil 2:13  
want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.



**woord**

1 Kor 1:30  
Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vrypraak, die heiliging en die verlossing.



**woord**

2 Tes 2:13  
Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo.



**woord**

Gal 5:22-23  
Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheidnederigheid en selfbeheersing.



**woord**

Romeine 8:13  
As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe



**woord**

1 Tes 4:3  
Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid.



**woord**

Heb 10:24-25  
Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.



**woord**

Kol 3:9-10  
en moenie vir mekaar lieg nie.  
Julle het met die ou, sondige  
mens en sy gewoontes gebreek  
en leef nou die lewe van die  
nuwe mens, wat al hoe meer  
vernuwe word na die beeld van  
sy Skepper en tot die volle kennis  
van God.



**woord**

1 Tes 5:11  
Praat mekaar moed in en  
versterk mekaar dan met hierdie  
woorde, soos julle trouens reeds  
doen.

Johannes 14:15  
"As julle My liefhet, sal julle my  
opdragte uitvoer.